

26 September

Skrifgedeelte: Genesis 50:22-26
Fokusgedeelte: Genesis 50:25

Moenie te tuis raak in die wêreld nie!

Josef het vas geglo dat God sy belofte van die beloofde land sou vervul, in so 'n mate dat, al het hy die hoogste pos naas die koning in Egipte bekleed en self koninklik gelewe, hy nogtans nie in Egipte begrawe wou word nie, maar in die beloofde land. Al het hy so gerieflik in Egipte gelewe, het hy nie daar so tuis geraak dat hy van God se beloftes vergeet het nie.

So moet ons ook nie te tuis raak in die wêreld nie. Ons moet beseef ons is net tydelik hier. God het ook vir ons iets beters beskik: die ewige lewe in die Nuwe Jerusalem. Al maak dit nie regtig saak waar ons begrawe word nie, moet ons lewe soos mense wat weet hierdie wêreld is nie ons eintlike plek nie. Ons moet lewe soos koninkryksburgers en nie soos wêreldburgers nie, in die wêreld, maar nie van die wêreld nie!

Sing: Skrifberyming 45:1, 12

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)